## 2 Oktober — Spreuke 16:1-9; 16-19

### *Die Here haat hoogmoed*

U het dit al gesien - daardie hooghartige houding, daardie arrogansie en ek-is-beter-as-ander-houding?

Die Satan was die eerste wat hierdie sonde gepleeg het. Hy wou bokant God wees. Hy verlei vir Adam en Eva om soos God te wil wees. 1 Tim 3:6 sê "As iemand verwaand word, tref dieselfde oordeel hom as vir die duiwel". Hy is verneder en die hemel belet. Maar steeds gaan hy voort om God se kinders te verlei tot hoogmoed. Dit is hy wat jou statusbewus maak en meerderwaardig laat voel en laat neer sien op eenvoudiges en minderbevoorregtes. Hy maak jou kerkisties en rassisties; laat jou glo dat net jóú volk se mense die saligheid sal beërwe en jóú volk die super-ras is. Hoogmoed laat jou vergeet dat God die hart aansien en dat alle mense voor God gelyk is. Hoogmoed maak dat jy nie wil dien nie, maar gedien wil word, en raakgesien en geprys wil word en dankies wil hê en onthou wil word vir jou goeie werke.

Die geestelike hoogmoedige dink hy is 'n beter gelowige as ander en wil nie sy sonde erken en bely en daarvoor vergiffenis vra nie.

Maak jouself weer klein en dankbaar voor God. Klim af van jou troontjie want alles wat jy is en het is genade. Verneder jouself voor God en Hy sal jou verhoog.

Sing: Psalm 66:2

Ds. C.J.C. Roets (Witpoortjie)